NHKA
NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA
blitspos

Jaargang 16 – Uitgawe 34 28 September 2023

# Om hoop te ken

Om *Blitspos* te ontvang, stuur 'n e-pos na bladuitleg@nhk.co.za of grafies@nhk.co.za en versoek dat u naam op die versendingslys geplaas word

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan produksie@nhk.co.za

Webblad van die Hervormde Kerk www.nhka.org

Die redaksie aanvaar verantwoordelikheid vir die inhoud. Menings deur skrywers uitgespreek, is egter nie noodwendig die beleid of standpunt van die Hervormde Kerk nie.

**Die tema van die Amerikaanse Vereniging van Christelike Beraders (AACC) se 2023 Wêreldkonferensie in Nashville, Tennessee was: *Know Hope*. Dié tema is in die lig van verskeie realiteite in die lewens van ons lidmate, gemeentes en predikante uiters aktueel.**

Die AACC is die plek waar 7 000 beraders, terapeute en ander gesondheidsorgspesialiste vanuit 40 lande en al die kontinente in die wêreld van 12 tot 16 September op een plek bymekaar was.

Die klaarblyklike onversoenlikheid tussen pastoraat en die moderne sekulêre sielkunde word deur verenigings en byeenkomste soos hierdie "oorspan". Ek is diep bewus van die grense tussen die onderskeie werkterreine en vakgebiede, terwyl ek weer eens onder die diepe besef gekom het dat berading binne die studieveld Praktiese Teologie uniek en eiesoortig is. Duidelik kan geen pastoraat outentiek wees sonder dat die helende en herstellende hand van God en sy deernisvolle en liefdevolle hart tussen gelowiges teenwoordig is nie. Die misterie van Jesus se liefde in die wêreld lei tot transformasie en hoop in vele lidmate se lewens.

Die ritme van so 'n konferensie is gesamentlike byeenkomste waar prediking en samesang gebeur en sprekers vanuit verskeie perspektiewe met hul onderskeie temas besig is. Etlike konferensietemas is verder in werkwinkelformaat aangebied. Laasgenoemde temas was 'n goeie aanduiding van wat tans in die wêreld van berading aktueel is. Dit lyk in alle gevalle of die uitspeel van Covid-19 'n realiteit is waarmee die kerk oraloor worstel. Die welstand van predikante en gemeenteleiers is 'n volgende saak wat tydens die konferensie prominent aandag geniet het.

Verskeie spesialiste het tydens die werkwinkels indieptetoerusting gedoen en nuwe vaardighede vasgelê. Een van die uitstaande aanbiedinge is gelei deur dr George Barna van die Cultural Research Center aan die Arizona Christian University. Sy navorsing dui onder andere aan dat 54% van die millenniërs (die grootste generasie tans in die wêreld) om verskeie redes gereeld gevoelens van angs, depressie en vrees ervaar. Sy navorsing oor verskeie geestesgesondheidskwessies is resent en uiters betekenisvol vir die NHKA. Sy data het onder andere betrekking op hoe hierdie kwessies in die millenniërs se geloof en verhouding met God en ander gelowiges uitspeel. (Sy boek *Helping Millennials Thrive: Practical Wisdom for a Generation*, van George Barna en Len Munsil, 2023, verwys.) Voortgesette gesprekke en navorsing oor millenniërs is om verskeie redes vir die NHKA van kritieke belang.

Ek het met hierdie konferensie bewus geraak van hoe relevant die NHKA is ten opsigte van verskeie temas wat gereeld vanuit die Hervormde Teologiese Kollege (HTK) vir predikante en lidmate van die Kerk aangebied word. Pastoraat is die unieke ruimte waarbinne hoop in 'n bedding van liefde deur die pastor aan medegelowiges gebring word. Die pastor is hier in die teenwoordigheid van medegelowiges en God altyd op heilige grond.

Internasionale konferensies soos hierdie bring jou in kontak met wêreldleiers en bied geleentheid om met praktiese teoloë van oraloor en medegelowiges uit elke moontlike denominasie te netwerk. Die NHKA is met erns en groot verantwoordelikheid besig om sy pastoraat op 'n vlak van uitnemendheid te beoefen en steeds te ontwikkel.

**Dr Frikkie Labuschagne, HTK-dosent in Missionale Ekklesiologie**

## Lief en leed

- Ons het pas verneem dat **mev Joekie van der Westhuizen** (83), eggenote van prof HG van der Westhuizen, voormalige emerituspredikant van die NHKA, op 24 September oorlede is. Ons innige simpatie gaan aan prof Van der Westhuizen en hul familie.



Prof Wim Dreyer

- Die erediens waartydens **prof WA (Wim) Dreyer** emeritaat aanvaar, vind plaas op 22 Oktober vanaf 09:00 by Gemeente Pretoria-Oos, Delyweg 100, Waterkloofpark.

- **Mnr Johan Kok**, 'n pensioenaris van die Oos-Kaap, is reeds jare lank op soek na 'n oorspronklike **Afrikaanse Kanselbybel 1933/1953**. Baie gemeentes het nog sulke Bybels in hul kaste (sommige is op uitstalling) en is dalk bereid om een te verkoop. Kontak mnr Kok direk by 083 233 9192.

- **Die volgende predikante verjaar tot 6 Oktober, en word hartlik geluk gewens:**
  - Donderdag 28 September: Prof IWC (Natie) van Wyk (70) (emeritus)
  - Vrydag 29 September: Ds BM (Buddie) Dupper (70) (emeritus/Pongola)
  - Maandag 2 Oktober: Ds CJ (Charel) van der Berg (66) (emeritus)
  - Woensdag 4 Oktober: Di AC (Anel) Boshoff (28) (beroepafwagtend) en SA (Schalk) Kok (57) (Potchefstroom-Noord)
  - Donderdag 5 Oktober: Ds L (Leon) Janse van Rensburg (56) (Namibkus)
  - Vrydag 6 Oktober: Di E (Etienne) Verhage (70) (emeritus) en PF (Frikkie) Viljoen (68) (emeritus)

## Gemeentes en bediening

- Enige saak wat volgens die Kerkorde onder die aandag van die **Moderamen** gebring moet word, moet mev Karen Breedt (**karen@nhk.co.za**) asseblief **teen 2 Oktober** bereik **vir 13 Oktober** se Moderamenvergadering. **Geen laat sake** sal in die agenda opgeneem word nie.



Dr Hannes Janse van Rensburg

- **Dr JG (Hannes) Janse van Rensburg** van Zuurfontein het 'n beroep ontvang na Lichtenburg.

- **Ds JH (Jan) van Staden** van Bronkhorstspruit aanvaar op 31 Desember 2023 emeritaat.



Ds Jan van Staden

- **Werkruimte: Samewerkende Gemeentes Boksburg en Witfield.** Aansoeke word ingewag van gelegitimeerde predikante van die NHKA om hierdie bedieningsruimte te vul. Die samewerkende gemeentes is Boksburg en Witfield aan die Oos-Rand, twee stadsgemeentes in die ring van Germiston. Boksburg het 'n sieletal van ongeveer 205, en Witfield 'n sieletal van ongeveer 78 wat meestal uit bejaarde lidmate bestaan. Die gemeentes se kerkgeboue is sowat 10 km uitmekaar en daar word elke Sondag op albei plekke 'n erediens gehou.

  **Aard en omvang:** Van die predikant sal verwag word om die normale aktiwiteite van die gemeentes, soos prediking, kategese, spesiale eredienste en fondsinsamelings, te organiseer en te fasiliteer. Kontak met die lidmate, siekebesoek en huisbesoek is baie belangrik, en pligte soos in die Kerkorde moet uitgevoer word. Albei kerkrade verwag van die predikant om goed gefundeerde preke wat motiverend en leersaam is, aan te bied. Die predikant sal in albei gemeentes bevestig word.

  **Vergoeding:** Die predikant sal aangestel word volgens kontrak vir 'n aanvanklike periode van 12 maande en sal vergoed word deur 'n enkele kontantbedrag wat R32 000 per maand sal beloop.

  **Aansoeke:** Aansoeke **sluit op 15 Oktober 2023** en moet vergesel wees van 'n verkorte CV wat die kontakbesonderhede van twee referente insluit. Aansoeke word gestuur aan **beide** administratiewe beamptes van die gemeentes: Anneli Louw (**nhkwitfield@gmail.com**) en Bernadene du Preez (**nhkaboksburg@gmail.com**).

**Diensaanvaarding:** So spoedig moontlik, maar onderhandelbaar. Die kerkrade behou die reg voor om die lys van kandidate na die sluitingsdatum te verklein of te vergroot en mag self ander kandidate nader. Indien nodig, sal die pos weer geadverteer word. Vir enige navrae, kontak Anneli Louw (084 627 7253) of Bernadene du Preez (079 883 8741).

- **Werkruimte vir voltydse bediening: Gemeente Alberton.** Aansoeke word ingewag van gelegitimeerde predikante van die NHKA om die werkruimte te vul ná die emeritaat-aanvaarding van die huidige predikant op 29 Februarie 2024.

  **Gemeente:** Die gemeente dink met ’n kopspiritualiteit oor kerkwees, maar funksioneer in hulself met ’n hartspiritualiteit. Die gemeente is gereed vir groei en sal veral wil fokus op die herontdekking van hul roeping. Die gemeente wil deur die liefde van God dien en meelewe tot sy eer.

  Die gemeente is 77 jaar oud. Die gemiddelde ouderdom van die gemeente se 289 belydende lidmate en 43 dooplidmate is 52 jaar. Dit is ’n pastorale gemeente in die hartjie van Alberton.

  Die gemeente se kerkgebou is in Alberton (Tweedelaan 82). Daar is geen pastorie beskikbaar nie. Die suksesvolle kandidaat sal vir eie verblyf verantwoordelik wees. Die lidmate woon in en om die dorp. Kontak met die lidmate en huisbesoek is baie belangrik.

  Die gemeente kan die predikant tans vergoed met ’n totale pakket van vyfhonderd duisend rand per jaar. Enige predikant met meer diensjare, wat vir dié versorging kan begin werk, is welkom om aansoek te doen.

  **Leraarsprofiel:** Die leraar moet lief wees vir die Here en sy kudde. Die Hervormde identiteit en etos is vir die gemeente belangrik.

  **Aansoeke sluit op 22 Oktober 2023.** Aansoeke moet vergesel wees van ’n CV en ’n kort verslag van die kandidaat se VBO-krediete. Met ontvangs van die CV sal ’n vraelys aan u gestuur word. Die vraelys moet eerlik en sorgvuldig ingevul word. Dit moet per e-pos gestuur word aan die skriba (Cobus van Wyk) by **alberton@nhk.co.za**. Enige ander navrae kan skriftelik aan dieselfde adres gerig word. Alle aansoeke word vertroulik hanteer. Die kerkraad is nie verplig om een van die aansoekers te beroep nie.

- **Werkruimte vir deeltydse bediening: Gemeentes Otjiwarongo/Outjo-kombinasie.** Die kombinasie Otjiwarongo/Outjo in Namibië beskik oor ’n vakante werkruimte vir ’n deeltydse predikant. Unieke wetlike voorskrifte oor werkpermitte deur die Namibiese regering beperk die opsies wat die gemeentes kan uitoefen vir die bediening. In die lig daarvan is die ideale kandidaat vir die deeltydse pos ’n geëmeriteerde predikant in die ouderdomsgroep 65 tot 68 jaar wat nog die energie en inisiatief het vir gemeentewerk vir ’n periode van twee tot vyf jaar. Die kombinasie sal aansoek doen vir ’n tydelike werkpermit vir twee jaar, wat herhaal sal word indien die persoon vir langer kan of wil bly. Die vergoedingspakket sluit in: ’n gemeubileerde pastorie in Otjiwarongo; ’n gemeentemotor plus brandstof; en ’n kontantvergoeding per maand. Skakel ds Barrie Oberholzer by +264811487465 vir verdere inligting en administratiewe reëlings soos vir ’n mediese fonds.

- **Gemeente Hartebeeshoek** nooi almal wat die afgelope 40 jaar betrokke was by die gemeente na hul feesgeleentheid om hul **40ste verjaardag** te vier.

  **Saterdag 28 Oktober:** Basaar vanaf 09:00<br>
  **Sondag 29 Oktober:** Erediens 09:00, met Massanagmaal, groeteboodskappe en lofofferete

  **Bevestig teenwoordigheid teen 20 Oktober**<br>
  Hans van der Merwe 071 331 2428<br>
  Lukas Vorster 081 354 0777

## ’n Gedig

**Dorpsondag**

Die kerkklok
lui en lui.
Dis of die son
sy bronsmond is
en die Tweelingpieke doér
waar ’n sonstraal flits,
die verre eggo’s
van hierdie spits.

Stil stap die mense
na die moederkerk
soos jy saam met jou moeder
in vroeër jare.
Die waterslote rimpel saam
en die akkerblare.
Bring dié gebeier vir almal hier
’n blye mare?

Die mense stap.
Die lied verstom.
Net sy geluid
bly in jou talm.
Dit kring en kring . . .
Die dorp’s so wit, so kalm.
Die dag het iets gewyds
soos ’n tydlose psalm.

’n Dowwe weerklank nog . . .
Die strate’s leeg, die dorp ontvolk.
Dan skielik steek dié toring
– hy’s skerp en koud nou, sonder sange –
diep in my soos ’n pendoring
van twyfel en ’n wrange
weemoed oor wat verby is,
’n naamlose verlange.

**Uys Krige**
(Uit: *Vooraand*, 1964)

## Kerklike publikasies


NHKA | Die Hervormer
Genade onbeskryflik groot

- In die **Oktober 2023-uitgawe van *Die Hervormer*** skryf **prof Yolanda Dreyer** oor Martin Luther se perspektief op die Romeine-brief: Dit gaan nie oor goeie werke en prestasie nie. Geloof is nie iets wat jy moet verwerf nie. Sentraal staan *God se liefde en genade*. Al wat jy hoef te doen, is om dit dankbaar te aanvaar; dan sal jy ook daaruit kan lewe. **Dr Johan van Staden**, redakteur, skryf oor die onbesonge helde van die Reformasie, en kom tot die gevolgtrekking dat die invloedrykste van almal straks elkeen is wat vandag steeds nederig maar rotsvas bly staan wanneer ander teologiese fokus verloor; en ook vasstaan waar die leer van die Reformasie in onguns verval, soms selfs by eertydse lojaliste; en ook elkeen wat ten spyte van groot eksterne druk getrou aan hul belydenis bly en die suiwer beginsels van die Reformasie in leer en lewe handhaaf. Dit is elkeen wat sonder ’n sweem van skroom

bely dat ons uit genade alleen gered word, in Christus alleen, deur geloof alleen; wat hulle beroep op die Skrif alleen; en wat met hul hele hart uitroep: *Aan God alleen die eer!* **Di Cobus Manders en Mari du Plessis-Manders** skryf oor hul lewe in die noordelike deel van Michigan in die VSA, en **ds Daniel Steinmann** resenseer prof Natie van Wyk se boek *Martin Luther. 'n Inleiding tot sy lewe, denke en geskrifte*. Bykomend tot die verspreiding van die gedrukte weergawe van *Die Hervormer*, word die artikels van elke uitgawe **op die Kerk se webblad** geplaas, en 'n **pdf-weergawe** word ook aan predikante en gemeentes beskikbaar gestel.




- Die **Kerkkalender vir 2024** wat die afdeling Kerklike Kommunikasie vir gebruik in ons gemeentes voorberei het, is nou ***hier*** op die Kerk se webblad beskikbaar. Teken asseblief aan om toegang tot die kalender te verkry. Die kalender bevat inligting oor die kerklike feesdae, openbare vakansiedae, skooltermyne en spesiale geleenthede wat vir die hele Hervormde Kerk van belang is. Gemeentes kan hul eie gemeenteprogram daarop invul en die kalender in gedrukte formaat of elektronies onder hul lidmate versprei.




## Toerusting

- Lees ***hier*** **prof Natie van Wyk se artikel** *Die teologie van skeppingsbewaring*. Hy skryf dat kerke wat erns maak met 'n uitgebreide liturgiese kalender dekades lank debat gevoer het oor 'n geskikte datum waarop aandag gegee kan word aan die skepping en die bewaring van die skepping. Ons in Suidelike Afrika kan gemaklik inval by die eerste Sondag in Oktober, die naaste datum aan 4 Oktober, die begrafnisdatum van Franciskus van Assisi wat op 3 Oktober 1226 gesterf het. Hy was die eerste bekende kerkleier en teoloog wat aan die skoonheid van, die liefde vir en die bewaring van die skepping aandag gegee het. Die datum maak egter nie saak nie – solank daar net aan hierdie tema aandag verleen word.

- **Seminaar by UP: Fakulteit Teologie en Religie**
  ***Jewish conceptualisations of inter-religious dialogue***
  **Dinsdag 3 Oktober 13:30-15:30**
  Met rabbi Gavin Michal
  UP Teologiegebou Kamer 2-10
  Gratis
  RSVP voor 29 September by **https://forms.gle/wr3qdA24HQtzWFDB6**
  Kontak **charel.dutoit@up.ac.za** vir meer inligting

- Ouderlinge kan gerus die **Hervormde Teologiese Kollege (HTK) se webtuiste** besoek. Gaan na **https://hervormdeteologie.co.za/ouderlinge/** vir inligting oor **gevorderde toerusting vir ouderlinge**. Tans verskyn daar reeds YouTube-skakels, PowerPoint-aanbiedings en Word-dokumente van Module I – *Die fasilitering van 'n erediens* **(ds Hannes van der Merwe)**; Module II – *Hoe berei predikante preke voor* **(dr Gerhard Nel)**; en Module III – *Die aanbied van 'n preek* **(prof Yolanda Dreyer)**. **Prof Stephan de Beer** se aanbieding van 29 Mei, *Hoe om jou gemeenskap beter te verstaan*, is ook daar beskikbaar. Laasgenoemde kan ook direk by **https://youtu.be/TnQNNDxzmP4** afgelaai word. Module II – *Die kuns van goeie gesprekvoering* **(dr Johan Bester)** is beskikbaar by **https://youtu.**

be/VfUgoBXodwA, *Hoe om lidmate in tye van krisis te begelei* **(dr Annelie Botha)** by **https://youtu.be/dUJ9kXs4Tvw,** en *Siekebesoek en sterwensbegeleiding* **(dr Annelie Botha)** by **https://youtu.be/AcAQ3DrH7yw**.

## Fondsinsamelings

- **Gemeente Hartebeeshoek: Outydse basaar**
  **Ons vier 40 jaar (1983-2023)**
  **Saterdag 28 Oktober vanaf 09:00**
  Plantainlaan 55, The Orchards
  Winskoopvleis en groenteverkope
  Vir die smulpape: pannekoek, pap-en-kaiings, kerrie-en-rys, ens
  Vir die pret: Skyfskiet, vlooimark, veiling, plaasdiere, ens
  Vir meer inligting, kontak dr Cobus by 082 370 5038

- **Alphonso Theron** (61) het besluit om twee monsters aan te durf. Hy wil die **Munga**, een van die heel moeilikste ultramaratons vir bergfietse in die wêreld, voltooi – vir Rata en die kinders wat so dapper teen hul monsters stry! Die deelnemers moet meer as 1 100 km tussen Bloemfontein en Wellington binne 5 dae aflê. Om die monster van Rata se tekort aan inkomste te tem, wil Alphonso R1 000 000 insamel – 1 000 persone of instansies wat elk R1 000 skenk.

  **https://rata.org.za/alphonso-se-monsteruitdaging/**

  **Elektroniese betalings**
  Rata Maatskaplike Dienste MSW
  ABSA tjekrekeningnommer: 020 600 209
  Takkode: 632005
  Verwysing: MUNGA + Naam

- Daar is ’n **geleentheid vir ’n gemeente of individu** om by die **Centurion Boeremark op Saterdae** pannekoek en/of *jaffles* te verkoop. ’n Stalletjie kos R250 per Saterdag. Deposito R250 eenmalig en sertifikaat van Tshwane vir kosverkope eenmalig R920. Kontak Christo Potgieter by 072 737 3644.

- **Oornagfasiliteite: Seniordal.** Seniordal beskik oor oornagfasiliteite vir persone wat vergaderings of kongresse moet bywoon, of wat dokters moet besoek, of verblyf benodig vir familie van persone wat in die hospitaal is. Daar is veilige parkering en 24-uur-sekuriteit. **Vir navrae oor tariewe en vir besprekings**, kontak Salomie Stolz gedurende kantoorure 08:00-12:00 by 012 329 4318, of na ure by 083 308 0520.

## Barmhartigheid

- **Poste beskikbaar by die Diakonale Pleegsorghuis Elsburg.** Die suksesvolle kandidate sal optree as pleegouers vir ses seuns en verantwoordelik wees vir hul fisiese, emosionele en skolastiese hantering, met die ondersteuning van ’n multidissiplinêre span wat maatskaplike werkers insluit. Persone **tussen die ouderdomme van 30 en 55 jaar** kan aansoek doen **(verkieslik ’n getroude egpaar)**. Persone van ander kerkgroepe met dieselfde Christelike grondslag as die NHKA kan aansoek doen, maar die suksesvolle kandidate sal vir die tydperk van hul aanstelling moet **inskakel by die betrokke NHKA-gemeente**. Benewens ’n maandelikse kontantvergoeding, word gratis inwoning in die DPS-huis ook by die pakket ingesluit. Die geskikte kandidate moet bereid wees om psigometriese toetse te ondergaan. Met aanstelling sal hulle opleiding in ontwikkelingstrauma ontvang. **Die sluitingsdatum vir aansoeke is 31 Oktober 2023.** Kontak **mnr Otto Viljoen** by 079 495 2007 / 060 968 4907 / **kinderhuise@nhk.co.za**, of **mev Suzanne van Deventer** by 066 477 8904 / **suzanne@rata.org.za**. Besoek gerus ook die webtuiste **www.pleegsorg.org.za** of die Facebookblad DPS Huise.

- **Louis Trichardt-behuisingskompleks vir bejaardes** in Danville, Pretoria, bied kamergeriewe met twee etes per dag teen R3 850 per maand. Vir meer inligting, kontak mev Yvonne Willemse of matrone Jenny Wesson by 012 386 5310.

- **Ons Tuis (Andries Marié Oosthuizen) in Parys** het plek beskikbaar in die tehuise vir versorging van verswakte bejaardes teen R9 760 per maand. 'n Volledige versorgingsfasiliteit sluit in 24-uur-versorging, drie maaltye per dag en sekuriteit. Behuisingsfasiliteite teen R5 990 per maand is ook beskikbaar op dieselfde perseel; dit sluit drie etes en weeklikse wasgoed en skoonmaak van kamers in asook gratis deelname aan sosiale programme. Vir meer besonderhede, skakel matrone Teresa Broodryk by 056 811 2185.

- **Seniordal-aftreeoord** is die eiendom van die NHKA se **Gemeente Pretoria** en spesialiseer in lewensregverkope en verhuring aan selfversorgende persone ouer as 55 jaar. Die oord is geleë in die veilige omgewing van Rietondale in Pretoria. Seniordal beskik oor 24-uur-veiligheidsdienste en toegangsbeheer, en bestaan uit die volgende woonstelle:

  Enkelwoonstel (*bachelor*): R495 000
  Eenslaapkamer: R515 000
  1½-slaapkamer: R520 000
  Tweeslaapkamer: R560 000

  **Tans is daar ook 'n enkelwoonstel (*bachelor*) te huur** vanaf 1 Oktober 2023, teen R5300 per maand. Kontak Salomie Stolz by 012 329 4313 of 083 308 0520 (08:00-12:00) vir meer inligting.

- **Herfsakker Tehuis vir Bejaardes in Groblersdal:** Behuising beskikbaar vir persone ouer as 60. Geen versorging beskikbaar nie, persone moet selfversorgend wees. Geen etes word voorsien nie. Eie tuin. Tariewe is per vierkante meter en verskil van huis tot huis. Deposito van twee maande huur betaalbaar. Vir meer besonderhede, skakel Frik Rossouw by 082 830 6591.

- **Belfast Rusoord** bied onder meer 24-uur mediese versorging, CCTV, 24-uur-toegangsbeheer, drie gebalanseerde maaltye per dag, en aktiwiteite vir elkeen. Daar is fasiliteite vir semiversorging, verswakte bejaardes, en woonstelle vir selfversorging. Kontak Riana de Villiers by 013 253 31211 / 063 663 7449 / **manager@belfastrusoord.co.za** vir meer inligting en tariewe.

- **Athalia Uitreik in Bloemfontein** bied verblyf vir en versorging van bejaardes en persone met gestremdhede. Daar is enkel- en deelkamergeriewe in 'n huislike atmosfeer, verblyf met drie etes ingesluit, verblyf sonder versorging, en 24-uur-versorging. Navrae: 079 826 6363 / 084 023 0315 / 051 522 6089 / **navrae@athalia.co.za** / **www.athalia.co.za**.

## Studentesake

- **Studentebehuising. Gemeente Stellenbosch** kan veilige behuising op die kerkterrein en op die kampus aan studente verskaf. Dit bestaan uit óf enkelkamers met gedeelde fasiliteite, óf eenmenswoonstelle. Skakel dr Chris le Roux by 079 495 3239 of stuur 'n e-pos na **stellenbosch@nhk.co.za** vir meer inligting.

- **Studentebehuising. Gemeente Philadelphia** verskaf aan studente veilige behuising by Fleur de Lis op die kerkterrein. Dit bestaan uit enkelkamers met gedeelde fasiliteite. Die behuising is binne stapafstand van die kampus en winkelsentrums. Skakel dr Sanrie de Beer by 083 226 1866 of stuur 'n e-pos na **nhkphiladelphia@gmail.com** vir meer inligting.

## Betaalde advertensies in hierdie nuusbrief

**Advertensies waarvan 'n private individu of instansie die begunstigde is, of waarin 'n gemeente 'n projek prominent wil bekendstel, kan in hierdie nuusbrief geplaas word.** *(Tekskennisgewings van gemeentes is gratis.)* Indien 'n jpg-weergawe van die advertensie voorsien word, **moet dit 15,5 cm breed x 6,5 cm hoog wees, resolusie 1878 x 815 pixels, 150-300 dpi.**

Stuur die voorgestelde **teks van nie meer nie as 75 woorde** met of sonder eenvoudige grafika of 'n foto saam met die bewys van betaling aan mev Tessa Oppermann, per e-pos na **produksie@nhk.co.za**. GEEN advertensie sal geplaas word sonder die betalingsbewys nie.

Die **teks en bewys van betaling** moet mev Oppermann bereik teen 16:00 op die Maandag voor die betrokke uitgawe se verskyning. *Blitspos* word normaalweg die Woensdagoggend afgehandel en teen die middag op die webblad gelaai. Indien die plasing meer as een keer moet geskied, moet aangedui word op watter datums dit moet verskyn, met betaling vooruit vir al die beoogde plasings.

**Die koste is R250 per plasing (BTW ingesluit)**. Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan die Raad van Finansies, ABSA tjekrekening nommer 020-000-287, takkode 632-005, **verwysing: u naam + Blitspos. Neem kennis dat die redaksie in uitsonderlike gevalle mag besluit om 'n advertensie nie te plaas nie en die adverteerder se geld terug te betaal.**



## Gebed vir die week

My Heer, ek smeek U:
Maak my geloof so sterk
dat ek alle teëspoed met vertroue kan hanteer.
Bemagtig my met geloof
sodat ek moontlikhede sal sien
in plaas van probleme.
Ek bid dat vandag gevul sal wees met spiritualiteit
en sinvolle nadenke,
sodat my begrip en insig sal groei,
my geloof sal verdiep,
en ek een sal wees met U.
Amen.

Prayer is Faith

(Afrikaanse verwerking: Tessa Oppermann)

Redakteur: Dr Johan van Staden
Subredakteurs: Ds Etienne Fourie en dr Annelie Botha
Koördineerder: Mev Tessa Oppermann
Uitlegkunstenaar: Mnr Hugo van Niekerk